

Ons hoor graag wat jy dink van hierdie boek!

Gaan na www.cumuitgewers.co.za,
soek hierdie titel en klik op resensies.

Of praat saam op Facebook by ChristelikeBoekeSA.

Inhoudsopgawe

| | |
|---|----|
| <i>Voorwoord</i> | 7 |
| <i>Inleiding</i> | 9 |
| STUDIE 1: Eerste indrukke van Filippense | 11 |
| STUDIE 2: Rede tot groot blydschap | 17 |
| STUDIE 3: Ware liefde stagneer nie | 27 |
| STUDIE 4: Waar daar deernis is, is Jesus Christus | 35 |
| STUDIE 5: Dieselfde ingesteldheid as Jesus | 45 |
| STUDIE 6: Onderhouding van wette is sinloos | 55 |
| STUDIE 7: Om Jesus te ken | 61 |

| | |
|-------------------------------|----|
| STUDIE 8: | |
| Anders as die wêreld | 69 |
| STUDIE 9: | |
| Liefdevolle vermaning | 75 |
| STUDIE 10: | |
| Ons lewe is in Christus | 85 |

Voorwoord

Die woord van God is vol lewenskrag en energie. Dit is skerper as 'n swaard wat twee skerp kante het. Dit sny diep tot binne-in ons innerlikste wese. Dit vlek ons diepste motiewe en oorwegings oop.

~ Hebreërs 4:12

Die doel van hierdie Bybelstudie is om jou te help om dieper in die Woord te delf en nie om die Woord te vervang nie.

Gebruik dié Bybelstudie oor Filippense om meer, verder en dieper te lees – om die Woord te oordink en deel van jou te maak.

Hierdie Bybelstudie is bepeinsinge en kommentaar soos ek self deur die Woord lees. Mag God se Woord jou bedien en bekragtig!

Riekert Botha

Inleiding

Hierdie Bybelstudie kan vir individuele of groepstudie gebruik word.

Vir groepstudie is die ideaal dat elkeen voor 'n groepbyeenkoms die betrokke studie self deurwerk en oordink. Daar kan ook tydens die groepbyeenkoms tyd gegee word om vrae individueel te oordink of as 'n groep te bespreek. Die belangrike aspek is dat elkeen wat hierdie studie aanpak die Woord sal lees en ontdek wat die Here daardeur vir elkeen persoonlik wil sê.

Lees die boek Filippense soveel keer moontlik deur. Gebruik verskillende vertalings as jy kan. Vir hierdie Bybelstudie is die *Nuwe Lewende Vertaling* gebruik, maar jy kan enige ander vertaling hiermee saam gebruik.

Maak aantekeninge in jou Bybel, merk belangrike gedeeltes en laat dit biddend toe om jou te verander tot God se eer.

Eerste indrukke van Filippense

In die eerste week van hierdie Bybelstudie is dit belangrik om op jou eie rustig kennis te maak met die boek Filippense. Vra die Here in gebed om jou studie te seën en sy waarheid aan jou te openbaar.

Hier volg 'n paar wenke om jou deelname aan hierdie studie so vervullend moontlik te maak:

1. Lees op een slag deur die hele boek Filippense. Lees vinnig sonder om gedeeltes te oordink. Kry 'n oorsig van die boek. Moenie op hierdie stadium kommentare raadpleeg nie. Dis net jy en die Bybel. Lees die boek 'n paar keer deur.
2. Skryf nou jou begrip van die kern van die boek neer. Moet steeds geen kommentare raadpleeg nie. Ons sal dit later doen. Nou is dit net eers belangrik dat jy jou eie idee van Paulus se brief kry. Vra jou af:

- Waaroor gaan hierdie boek?
- Wat is die rede vir hierdie boek?
- Wat is die kern van dit wat Paulus hier skryf?

3. Sodra jy punt 2 afgehandel het, kan jy begin om elke hoofstuk afsonderlik te lees en jou af te vra:

- Waaroor gaan hierdie hoofstuk?
- Watter bydrae lewer hierdie hoofstuk tot die boek?
- Watter gedeeltes is onduidelik of moeilik verstaanbaar?

Skryf enkele gedagtes daaroor neer.

4. As jy tot hier gekom het, is jy reg om bietjie wyer te lees oor die boek. Lees na oor:

- die agtergrond van die boek

- wanneer dit geskryf is

- wie dit geskryf het

- aan wie dit geskryf is

- hoekom dit geskryf is

5. Maak noukeurig aantekeninge oor 'n paar "moeilike" gedeeltes of begrippe en raadpleeg 'n goeie kommentaar daaroor.

6. Nou kom jy by die tweede belangrikste vraag: Wat dink jy het God vir die mense aan wie hierdie brief geskryf is, gesê?

Dit is belangrik om God se boodskap aan hulle te verstaan, want daar bly nog een vraag oor ...

7. Die belangrikste vraag: Wat sê God vir my deur hierdie brief? My omstandighede is anders as dié van die eerste lesers van die brief, maar God se boodskap bly uniek dieselfde deur al die eeue heen. Hoe is hierdie boek van toepassing op my, my lewe en my omstandighede?

Samevatting

Met die eerste oogopslag van die boek kan ons die volgende aflei:

1. Paulus is 'n gevangene en Timoteus vergesel hom.
2. Sy gevangenskap gaan gepaard met skande, verleentheid en behoefte.
3. Sommige gelowiges distansieer hulle van hom, waarskynlik oor die verleentheid van die gevangenskap.
4. As gevangene ervaar Paulus gebrek aan versorging en finansiële bystand.
5. Hy verklaar die rede en doel van sy boeie asook die belangrikheid dat gelowiges hom sal versorg.
6. Epafroditus het finansiële hulp en nuus van die gelowiges in Filippi gebring.
7. Paulus bedank hulle en spoor hulle aan tot volgehoue betrokkenheid.

8. Paulus spreek sy sorg uit oor die Filippense se versorging en beplan om Timoteus na hulle te stuur.

Hoe vergelyk dit met jou oorsig oor die boek?

Dink hieroor na

Die gelowiges in Filippi onttrek hulle nie aan Paulus nie. Hulle word nie afgeskrik deur sy boeie nie. Kan dit dalk wees omdat Paulus sy bediening in Filippi in die tronk begin het? Dit was in Filippi waar hy en Silas die Here tot laat in die nag geloof het nadat hulle deur die owerhede geslaan is. Dit was in Filippi waar die aardbewing die tronkdeure laat oopswaai het en die tronkbewaarder wou selfmoord pleeg. Dit was in Filippi waar die stadsvaders vir Paulus en Silas om verskoning gevra het vir die misverstand en waar 'n gemeente ontstaan het.

In Filippi het almal geleer dat God uit ongunstige omstandighede groot heerlikheid kan bewerk. Die gemeente se bestaan is 'n getuigenis daarvan!

Is jy oortuig dat God vir hulle wat Hom liefhet, alles – ook die onreg en onreinheid van hierdie wêreld – ten goede kan laat meewerk?

Ons hoor graag wat jy dink van hierdie boek!

Gaan na www.cumuitgewers.co.za,
soek hierdie titel en klik op resensies.

Of praat saam op Facebook by ChristelikeBoekeSA.